McIntyrestraat 72, Parow, 7500
Posbus 1223, Parow, 7499
www.helpmekaarfonds.org
021 930 8155
021 930 7436
info@helpmekaarfonds.org

# ALGEMENE INLIGTING AANGAANDE STUDIELENINGS

**LET WEL: Hierdie dokument vorm deel van die amptelike dokumentasie t.o.v. die aansoek om en toekenning van die Helpmekaar Studiefonds (voortaan HSF) lenings en moet as sodanig beskou en gelees word.**

1. Lenings is slegs beskikbaar aan studente wat:

   - in Wes-, Oos-, Noord- en Suid-Kaap en KwaZulu-Natal gematrikuleer het;
   - voltyds by 'n instansie studeer wat by die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid geakkrediteer is (SAQA);
   - aan die keuringsvereistes van die Direksie voldoen, o.a. akademiese prestasie.

2. Lenings is slegs bedoel vir klasgeld, losies en boeke en sal nie noodwendig voldoende wees om die totale studiekoste te dek nie. Aansoekers moet dus deeglik uit eie bronne begroot vir ekstra uitgawes.

3. 'n HSF-lening word toegeken vir die volle studietermyn (die normale duur van die kursus):

   3.1 In 2018 is die maksimum leningsbedrae per kursus:
   Medies/Veeartsenykunde ................................................ R80 000 p.j.
   Ingenieurswese (universiteite) ......................................... R80 000 p.j.
   Tandheelkunde.............................................................. R80 000 p.j.
   Ander universiteitskursusse ............................................. R75 000 p.j.
   Ander tersiêre instellings ................................................ R55 000 p.j.
   Ingenieurswese (universiteite van tegnologie) ................. R60 000 p.j.

   3.2 Lenings word normaalweg nie vir ekstra/herhaaljare van studie toegeken nie.

   3.3 Aansoeke om lenings vir 'n eerste kwalifikasie geniet voorkeur.

   3.4 Nagraadse studente in spesifieke beroepsgerigte kursusse, bv. B.Rek. Hon., LLB, B. Psig Hon., NOS, ens., kan vir 'n addisionele lening aansoek doen na voltooiing van voorgraadse studie. Sluitingsdatum vir addisionele lenings is jaarliks op 30 November vir die volgende jaar.

4. Leninguitbetalings word by maksimum vier geleenthede slegs ná ontvangs van ’n opvraging gemaak: (Let wel: Opvragingstrokies moet deur die student self geteken word.)

**LET WEL:** LAAT VYF WERKSDAE NÁ ONTVANGS VAN DIE OPVRAGING TOE VIR UITBETALING

| LENINGUITBETALINGS | UITBETALING AAN | BESONDERHEDE |
|---|---|---|
| Eerste betaling | Instansie | Registrasiegeld en deposito na ontvangs van Desember-uitslae / Matrieksertifikaat |
| Tweede betaling | Student of ouer | 50% van die leningsbedrag minus 1ste betaling, na bewys van registrasie |
| Derde betaling | Instansie | 1ste bedrag soos deur die instansie vereis na ontvangs van instansie se rekening |
| Vierde betaling | Student of ouer | Restant van totale leningsbedrag na ontvangs van Junie-uitslae. Die student is dan self verantwoordelik vir betaling van die finale rekening aan die instansie |

5.1 Daar word van elke student vereis:
- 5.1.1 Om ’n bewys van registrasie aan die HSF te verskaf sodra dit beskikbaar is.
- 5.1.2 Om tydens studiejare aan die einde van elke semester ’n amptelike studieverslag in te dien sodra dit beskikbaar is, ongeag of verdere fondse onttrek (gaan) word.

5.2 Indien ’n student, sonder ’n aanneemlike rede, nie sy/haar eksamen slaag nie, of nie die voorwaardes van die lening nakom nie, kan sy/haar lening opgeroep en moet die skuld terugbetaal word op ’n wyse soos deur die HSF bepaal.

6.1 Die rentekoers op lenings tydens die studiejare is gelykstaande aan die ABSA Groep Bpk. se primakoers minus 1% soos op 1 Januarie van elke jaar, maar die HSF behou die reg voor om van tyd tot tyd die rentekoers in die loop van die jaar aan te pas, indien die primakoers aangepas word.

6.2. Terwyl die student studeer, moet die rente gehef op die leningsbedrag **maandeliks** per debietorder betaal word, soos deur die HSF bepaal. Indien die betaling van die rentepaaiement in enige stadium agterstallig is, sal geen leningsfondse uitbetaal word nie.

6.3 Die Helpmekaar Studiefonds beskik oor ’n Trust wat in sommige gevalle ouers en leners help wat nie die finansiële vermoë het om die rente tydens die studietydperk te betaal nie. Die beskikbaarstelling van hierdie rentebeurse is afhanklik van die beskikbaarheid van fondse in die Trust en word jaarliks hersien. Rentebeurse word slegs na deeglike oorweging en op grond van meriete toegeken, en geen leningaansoeker kan daarop aanspraak maak of daarvoor aansoek doen nie.

7.1 Na afstudering sal rente bereken word op die totale uitstaande balans teen die primakoers van die ABSA Groep Bpk. soos op 1 Januarie van elke jaar. Die HSF behou egter die reg voor om van tyd tot tyd die rentekoers in die loop van die jaar aan te pas, indien die primakoers aangepas word.

7.2 Na afstudering word die lening (kapitaal en rente) soos volg terugbetaal met gelyke paaiemente, versprei oor die terugbetalingstermyn:

**1 – 3-jaarkursusse:** 2 x die studietermyn.

**4 – 6-jaarkursusse:** ’n maksimum terugbetalingstermyn van 7 jaar.

8.1 Om die voortbestaan van die HSF te verseker moet studielenings deur (’n) borgskap(pe) gedek word. Die HSF ken selde lenings toe sonder dat die borg bykomende sekuriteit gee, maar elke aansoek word op meriete hanteer en aansoekers hoef nie deur hierdie vereiste ontmoedig te word om aansoek te doen nie. Die borgskap en/of bykomende sekuriteit raak egter net van toepassing as iemand (die student of die borg) nie die lening terugbetaal nie.

*’n **Borg** is iemand (dikwels ’n ouer of familielid) wat onderneem om verantwoordelikheid vir die voornemende student se skuld te aanvaar.*

*Met **sekuriteit** word bedoel iets van waarde wat die HSF in kontant kan omskep, indien die lener sy onderneming om die lening terug te betaal, nie nakom nie.*

8.2 Bykomende sekuriteit kan behels:

**8.2.1 Die sessie van polisse / beleggings**
Hierdie opsie het geen koste-implikasies nie. Die afkoop- of kontantwaarde van polisse (nie die fondswaarde nie) en/of die waardes van die beleggings, moet by die aansoek aangeheg word.

**LET WEL:** DIE VOLGENDE WORD **NIE** AS SEKURITEIT AANVAAR NIE:
- Uittree-annuïteite;
- Lewenspolisse sonder kontantwaarde;

**8.2.2 Die registrasie van ’n borgverband op eiendom**
Indien bostaande opsie nie beskikbaar is nie en die borg wel oor eiendom beskik, is dit ’n moontlikheid, maar ongelukkig een waaraan koste verbonde is. Vir die registrasie van die borgverband kan u van die HSF se voorgestelde of u eie regsadviseur gebruik maak. Die koste van die registrasie sowel as die uiteindelike kansellasie van die borgverband is vir die rekening van die borg.

**8.2.3 ’n Tweede borg**
Indien die eerste borg (ouer), nie voldoende sekuriteit kan verskaf nie, kan van ’n tweede borg gebruik gemaak word.

Die eerste borg (ouer), sowel as die tweede borg, moet 'n aansoekvorm voltooi en aan ons stuur. Die tweede borg verskaf net die student se naam en van in Afdeling A, en voltooi dan Afdeling D tot G volledig.

**LET WEL:** Dieselfde reëlings ten opsigte van sekuriteit soos hierbo gestel, kan ook op 'n tweede borg van toepassing gemaak word.

**LET WEL: Indien die student om die een of ander rede nie sy/haar lening volgens ooreenkoms na afloop van studie kan begin terugbetaal nie, sal die borg(e) daarvoor moet instaan.**

9. Alle lenings word outomaties deur 'n groeplewensversekeringskema wat deur Sanlam onderskryf word, gedek tensy die lener verkies om 'n alternatiewe reëling met die HSF te tref. Dekking beloop 14.2 sent per R1 000 van die uitstaande balans van die leningsbedrag. Die uitstaande balans van die lening en gevolglik ook die borgverpligting word gedek in geval van dood / tydelike arbeidsongeskiktheid / permanente arbeidsongeskiktheid van die lener. Wanneer die student sy studies voltooi, styg die premie na 50.3 sent per R1 000 van die uitstaande balans van die leningsbedrag vir die volgende dekking: dood / tydelike arbeidsongeskiktheid / permanente arbeidsongeskikheid / verlies aan inkomste, soos van toepassing. Wanneer die leningskuld vereffen is, verval die versekering outomaties. Die lener se rekening word maandeliks met die bedrag van die premie gedebiteer.

10. Meer inligting oor enige van die bostaande kan van ons kantoor bekom word.
    Telefoon: 021 930 8155 / 930 3195
    E-pos: info@helpmekaarfonds.org
    Webblad: www.helpmekaarfonds.org

    Die Helpmekaar Studiefonds se fondse is oor die jare met groot toewyding opgebou. Daar is geen aandeelhouers of persone met private belange nie. Die enigste mense wat voordeel trek uit die Fonds, is studente en van hulle word verwag om hulle verpligtinge getrou na te kom sodat diegene wat ná hulle kom, ook uit hierdie bron gehelp kan word.

11. Alle lenings word outomaties deur 'n groeplewensversekeringskema wat deur Sanlam onderskryf word, gedek teen 13.2 sent per R1 000 van die uitstaande balans van die leningsbedrag. Die uitstaande balans van die lening en gevolglik ook die borgverpligting word gedek in geval van dood of ongeskiktheid van **die lener**. Wanneer die leningskuld vereffen is, verval die versekering outomaties. Die lener se rekening word maandeliks met die bedrag van die premie gedebiteer.

12. Die maksimum leningsbedrae wat vir die normale duur van 'n kursus toegeken word, is:

| | |
|---|---|
| Medies/Veeartsenykunde | R80 000 p.j. |
| Ingenieurswese (universiteite) | R80 000 p.j. |
| Tandheelkunde | R80 000 p.j. |
| Ander universiteitskursusse | R75 000 p.j. |
| Ander tersiêre instellings | R55 000 p.j. |
| Ingenieurswese (univ. v. tegnologie) | R60 000 p.j. |

HELPMEKAAR
STUDIEFONDS

13. Lenings word nie vir ekstra/herhaaljare van studie toegeken nie. Vir nagraadse studie vir spesifieke beroepsgerigte kursusse, bv. BRek Hon., LLB, B. Psig Hon., NOS, ens., kan vir ‘n addisionele lening aansoek gedoen word na voltooiing van voorgraadse studie. **Sluitingsdatum vir addisionele lenings is 30 November 2018.**

14. **Aansoeke om lenings vir ‘n eerste kwalifikasie geniet voorkeur.**

Meer inligting oor enige van die bostaande kan van ons kantoor bekom word.
Telefoon: 021 930 8155 / 930 3195
E-pos: info@helpmekaarfonds.org
Webblad: www.helpmekaarfonds.org

Die Helpmekaar-Studiefonds se fondse is oor die jare met groot toewyding opgebou. Daar is geen aandeelhouers of persone met privaatbelange nie. Die enigste mense wat voordeel trek uit die Fonds, is studente en van hulle word verwag om hulle verpligtinge getrou na te kom sodat diegene wat ná hulle kom, ook uit hierdie bron gehelp kan word.

INLIGTINGSTUK (2018)

HELPMEKAAR STUDIEFONDS

## AANSOEKVORM: STUDIELENING

**(SLEGS PER HAND OF PER POS – NIE PER FAKS OF E-POS NIE)**

**Sluitingsdatum: 30 September 2017 (LET WEL: LAAT AANSOEKE WORD SLEGS BY UITSONDERING OORWEEG.)**

### AFDELING A: PERSOONLIKE INLIGTING VAN AANSOEKER (STUDENT)

**Vul asseblief alle velde in waar van toepassing**

| | |
|---|---|
| Volle naam | |
| Van | |
| ID-nommer | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| E-posadres | | Selfoonnommer | |

### AFDELING B: GESINSBESONDERHEDE

| | Voorletters | Van | Beroep | Netto inkomste p.m. |
|---|---|---|---|---|
| Vader | | | | R , |
| Moeder | | | | R , |

| Huwelikstatus van broodwinner | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | ☐ | Ongetroud | ☐ | Getroud |
| | ☐ | Wewenaar/Weduwee | ☐ | Geskei |

* Indien getroud, vul verder asseblief alle gade-inligting op die vorm in.

Verskaf asseblief die onderstaande inligting ten opsigte van die gesinslede wat afhanklik is van die netto inkomste van die gesin. (Tel student vir wie aansoek gedoen word as "Tersiêr")

| | **AANTAL** |
|---|---|
| VOLWASSENES | |
| VOORSKOOL | |
| SKOOLGAANDE | |
| TERSIêR | |

Verskaf asseblief volledige besonderhede (voorletters & van) van u kind/kinders wat tans lenings by die Helpmekaar het, of gehad het.

________________________________________________________

________________________________________________________

________________________________________________________

Is daar enige spesiale omstandighede (finansieel of andersins) wat u graag onder ons aandag wil bring? (Hierdie inligting sal as streng vertroulik hanteer word.)

________________________________________________________

________________________________________________________

________________________________________________________

________________________________________________________

________________________________________________________

________________________________________________________

________________________________________________________

## AFDELING C: STUDIE-INLIGTING

| | | | |
|---|---|---|---|
| Skool bygewoon | | Wanneer gematrikuleer? | |
| Reeds in ‘n beroep – gee besonderhede | | Hoogste kwalifikasie tot dusver behaal | |

| | |
|---|---|
| Waar gaan u studeer? (instansie) | |
| Studentenommer (indien reeds ontvang) | |
| Beoogde kursus? (naam) | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Lengte van kursus | | Huidige studiejaar indien reeds besig om te studeer | |

| | |
|---|---|
| Totale bedrag waarvoor aansoek gedoen word vir **VOLLE DUUR VAN KURSUS** (Kyk inligtingstuk vir maksimum bedrag p.j. beskikbaar) | |

HELPMEKAAR STUDIEFONDS



## AFDELING D: BORGBESONDERHEDE EN VERKLARING

Volle naam

Van

ID-nommer

Getroud ☐ binne of ☐ buite gemeenskap van goedere ☐ Enkelouer

Huisadres

Poskode

Posadres

Poskode

E-posadres

Telefoonnommer by huis (kode) 000 0000

Selfoonnommer

Werksadres

Poskode

Telefoonnommer by werk (kode) 000 0000

Werkgewer

Huidige betrekking/pos

Verwantskap aan lener (bv. ouer/voog)

HELPMEKAAR
STUDIEFONDS



**BESONDERHEDE VAN GADE** ☐ Nie van toepassing nie (indien ongetroud of enkelouer)

| | |
|---|---|
| Volle naam | |
| Van | |
| ID-nommer | |
| Selfoonnommer | |
| E-posadres | |
| Werksadres | |
| | |
| | |
| | |
| Poskode | |
| Telefoonnommer by werk (kode) 000 0000 | |
| Werkgewer | |
| Huidige betrekking/pos | |

HELPMEKAAR STUDIEFONDS



**STAAT VAN INKOMSTE EN UITGAWES**
**(Die Finansiële State van uself/BK/onderneming/boerdery word nie aanvaar nie.)**

| **Maandelikse inkomste (BORG & GADE)** | **Bedrag (R)** |
|---|---|
| **Netto** salaris - borg | |
| Rente-/dividende-opbrengs uit beleggings | |
| Annuïteite | |
| Huurinkomste | |
| **Netto** salaris - gade | |
| Ander inkomste van gade (spesifiseer) | |
| Enige ander inkomste nie hierbo gevra (spesifiseer) | |

| **TOTALE NETTO INKOMSTE** | |
|---|---|

| **Maandelikse uitgawes (BORG & GADE) gesamentlik** | **Bedrag (R)** |
|---|---|
| Mediese fonds (bydrae uit eie sak) | |
| Huur/Verband | |
| Paaiemente vir huurkoopooreenkomste (voertuie, meubels) | |
| Persoonlike lenings/Kredietkaart | |
| Korttermynversekering | |
| Lewensversekering | |
| Munisipale rekening (water, elektrisiteit, belasting ingesluit) | |
| Telefoon – tuis en selfoon | |
| Klere | |
| Opvoeding (skoolgeld, tersiêre inrigting(s) se koste, ens. uit eie sak) | |
| Kruideniersware | |
| Dokter/Apteek (uit eie sak) | |
| Huishulp/Tuinier | |
| Vervoer (brandstof, bus-/treingeld, parkering, ens.) | |
| Vermaak | |
| Huurgeld vir TV-diens | |
| Ander (spesifiseer – bv. Onderhoud indien geskei) | |
| | |

| **TOTALE UITGAWES** | |
|---|---|

| **SURPLUS/TEKORT (maandelikse netto inkomste MINUS uitgawes)** | |
|---|---|

**BATES ( van borg én gade indien van toepassing)**

**1. VASTE EIENDOM**

(a) Stad-/dorpseiendomme

| Erfnommer | Stad/Dorp | Koopprys (R) | Datum aangekoop | Huidige waarde (R) |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| **In wie se naam is eiendom geregistreer?** | | | | |

(b) Plaas-/ploteiendomme

| Plaasnaam | Distrik | Hektaar | Koopprys (R) | Huidige waarde (R) |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |
| In wie se naam is eiendom geregistreer? | | | | |

**2. EFFEKTETRUSTS (Bewys van instansie <u>t.o.v. waarde(s)</u> MOET aangeheg word.**

| FINANSIËLE INSTANSIE | Huidige waarde (R) |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

**3. BELEGGINGS (Bewys van instansie t.o.v. <u>waarde(s)</u> MOET aangeheg word)**

| FINANSIËLE INSTANSIE | Huidige waarde (R) |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |

**4. VERSEKERINGSPOLISSE (Bewys van instansie t.o.v. <u>afkoopwaarde(s)</u> MOET aangeheg word)**

| Versekerde bedrag | Versekeringsmaatskappy | Aan wie gesedeer | Afkoopwaarde (R) |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

| | |
|---|---|
| **TOTALE BATES** | |

## LASTE

### Laste van Borg

| **Beskrywing** | **<u>TOTALE</u> uitstaande skuld (R)** |
|---|---|
| Oortrokke rekening | |
| Kredietkaart | |
| Persoonlike lening | |
| Voertuigfinansiering | |
| Huisverband – **MELD INSTANSIE** | |
| Huisverband rekeningnommer | |
| Ander (spesifiseer) | |

| | |
|---|---|
| **TOTAAL** | |

### Laste van Gade ☐ NVT

| **Beskrywing** | **<u>TOTALE</u> uitstaande skuld (R)** |
|---|---|
| Oortrokke rekening | |
| Kredietkaart | |
| Persoonlike lening | |
| Voertuigfinansiering | |
| Huisverband - **MELD INSTANSIE** | |
| Huisverband rekeningnommer | |
| Ander (spesifiseer) | |

| | |
|---|---|
| **TOTAAL** | |

| | |
|---|---|
| **TOTALE LASTE (BORG EN GADE)** | |

## AFDELING E: BAIE BELANGRIK: OPSIES VIR SEKURITEIT

Die HSF ken baie selde lenings toe sonder dat die borg bykomende sekuriteit gee. Die borgskap en/of bykomende sekuriteit raak egter net van toepassing as iemand (die student uiteindelik of die borg) nie betaal nie.

**Kies asseblief een van die volgende drie opsies wat u as sekuriteit gaan gebruik:**

- **Die sessie van polisse / beleggings** ☐
  Hierdie opsie het geen koste-implikasies nie. Die **afkoop- of kontantwaardes van polisse** (nie die fondswaardes nie**) en/of die waardes van die beleggings, moet by die aansoek aangeheg word** (kyk punt 3 en 4 op p. 6 van die aansoekvorm).

  **LET WEL: DIE VOLGENDE WORD NIE AS SEKURITEIT AANVAAR NIE:**
  - Uittree-annuïteite;
  - Lewenspolisse sonder kontantwaarde;
  - Aandele; en
  - Pensioenfondse in enige belegging.

- **Die registrasie van 'n borgverband op eiendom** ☐
  Indien bostaande opsie nie beskikbaar is nie en die borg wel oor eiendom beskik, is hierdie 'n moontlikheid, maar ongelukkig die een waaraan koste verbonde is. Vir die registrasie van die borgverband kan u van u eie of van "ons" regsadviseurs gebruik maak. Die koste van die registrasie van die borgverband sowel as die kansellasie daarvan (uiteindelik), is vir die rekening van die borg.

- **'n Tweede borg** ☐
  Indien die eerste borg (ouer), nie voldoende sekuriteit kan verskaf nie, kan van 'n tweede borg gebruik gemaak word.

  Die eerste borg (ouer) sowel as die tweede borg moet 'n aansoekvorm voltooi en aan ons stuur: Die tweede borg voltooi Afdeling A, net die naam en van van die student, Afdeling B en dan vanaf Afdeling D verder volledig.

  **LET WEL:** Dieselfde vereistes ten opsigte van sekuriteit soos hierbo en hieronder gestel, kan ook van 'n tweede borg vereis word.

## AFDELING F: VEREISTE DOKUMENTASIE

**L.W. SONDER DIE ONDERSTAANDE DOKUMENTE SAL U AANSOEK NIE OORWEEG WORD NIE.**

Merk die blokkie by elke dokument wat u by die aansoekvorm aanheg of merk die blokkie by "NVT" soos van toepassing.

Fotostaat van die ID van: ☐ Die student ☐ Die borg ☐ Sy/haar gade

Die jongste eksamenuitslae van:
☐ Leerder se Graad 12-uitslae van Junie-eksamen
☐ Student se Junie-uitslae van die instansie waar hy studeer

**Die jongste belastingaanslag (ITA34), (NIE FINANSIëLE STATE NIE), waarop die belasbare inkomste aangedui word, van:**

☐ Die borg ☐ NVT
☐ Sy/haar gade ☐ NVT

**Die jongste salarisstrokies van:**

☐ Die borg ☐ NVT
☐ Sy/haar gade ☐ NVT

**Bewys van enige ander maandelikse inkomste, bv. onderhoud, rente-inkomste, pensioen, ens.**

☐ Die borg ☐ NVT
☐ Sy/haar gade ☐ NVT

**Indien werkloos, 'n beëdigde verklaring wat dit bevestig:** ☐

☐ Ek neem kennis van die dokumentasie wat benodig word en sal dit saam met die aansoek pos aan:
Posbus 1223, Parow 7499

## AFDELING G: DIE NASIONALE KREDIETWET, NR 39 VAN 2005, VERWYS:

Die Nasionale Kredietwet, nr 39 van 2005, vereis dat die volgende inligting verskaf word:

1. Is u al voorheen deur 'n hofbevel as sielkundig onbevoeg verklaar? | JA | NEE |

2. Is u tans onder administratiewe bestuur of skuldberading geplaas? | JA | NEE |

Indien u op enige van die vrae hierbo "Ja" geantwoord het, kwalifiseer u, in terme van die Kredietwet, nr 39 van 2005, ongelukkig nie vir 'n lening nie.

## AFDELING I: VERKLARING DEUR AANSOEKER EN BORG(E)

1. Ek/ons bevestig dat die inligting wat ek/ons verskaf het, die grondslag vorm waarop my/ons aansoek oorweeg sal word en dat alle sodanige inligting van wesenlike belang is en regstreeks betrekking het op die oorweging van my/ons aansoek.
2. Ek/ons waarborg dat al die inligting wat ek/ons verskaf het, na my/ons beste wete in elke opsig waar en korrek is en ek/ons nie bewus is van enige ander inligting wat, indien die Helpmekaar Studiefonds (hierna genoem "die Fonds") daarvan te wete sou kom, die oorweging van my/ons aansoek enigsins sal beïnvloed nie.
3. Ek/ons stem in dat die Fonds navrae mag doen om enige inligting te bevestig wat ek/ons verskaf en dat die Fonds enige inligting van enige kredietburo kan bekom wanneer my/ons aansoek beoordeel word of te eniger tyd tydens die bestaan van ons rekening.

______________________________
**Handtekening van Aansoeker (Student)**

______________________________
**Handtekening van Borg**

______________________________
**Handtekening van Gade**

______________________________
**Datum**